

## **Sing vooraf staande:** Skrifberyming 5-2:5, 8 (7:5, 8) (melodie van Ps 18)

- 5 Terwyl ons op die dwaalweg gaan, / storm al ons sondes op Hom aan;  
maar Hy 't mishandel, neergebuk, / sy mond nie oopgemaak in druk.  
'n Lam, ter slagting heengelei, / so stil en stemmeloos was Hy,  
en soos 'n skaap voor wie hom skeer, / so stil en sonder teëweer.
- 8 Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,  
en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand.  
Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet,  
en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 118:7, 12 (p. 577)

- 7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;  
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.  
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;  
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.
- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.  
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.  
Ag, Heer, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, Heer, op hierdie dag –  
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;  
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.  
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;  
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:  
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.  
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag  
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Gebed

Formulier vir die belydenis van geloof

Psalm 20:1, 2, 4 (p. 90)

- 1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!  
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!
- 2 Mag Hy sy heil en bystand stuur / uit hoë heiligdom,  
en u uit Sion ondersteun, / van waar u hulp sal kom.
- 4 Mag Hy, die ryke God, u gee / al wat u hart verlang!  
Vervulling van wat u beraam – / mag u dié guns ontvang!

## Skrifberyming 10-1:1, 2, 3 (28:1, 2, 3)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,  
ons bid in stille eerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,  
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.
- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,  
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos  
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.
- 3 Gee ons – want ons gebrek is groot – / vandag ons daelikse brood.  
Bewys ons tog barmhartigheid / en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,  
soos ons, in skuldvergiffenis, / vir hul wat aan ons skuldig is.

**Skriflesing:** Matteus 18:21-35; Heidelbergse Kategismus, Sondag 51:126

**Kernvers:** Matteus 18:26-27

**Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal. En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld.**

(Matteus 18:26-27 AFR1953)

## Heidelbergse Kategismus

### **Vraag 126: Wat is die vyfde bede?**

*Antwoord: Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).*

(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14.

**Tema:** Die prys is ten volle betaal – hier is die kwitansie

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens 'n werk doen en maandeliks 'n salaris kry en jy uit hierdie salaris 'n huis afbetaal, is daar min dinge wat so aangenaam is soos om daardie laaste paalement op jou huis af te betaal. Dit is lekker om na daardie bankstaat te kyk en in die kolom "Bedrag verskuldig" staan daar R0,00. 'n Mens voel sommer lekker om daardie kwitansie vas te hou van jou huis waarop jy so lank afbetaal het.

Vanoggend kom smee ons by die Here: Ons Vader, vergewe ons ons skulde. Ons kan en mag vanoggend so kom vra om verskeie redes. Onder die genadige werk van die Heilige Gees het ons nou al in die lig van die Woord tot die besef gekom dat ons skulde ontsaglik groot is. Ons het ook van harte berou oor ons sondes – ons is hartseer dat ons die Here en ons naaste seergemaak het met ons sondes. Daarom het ons elkeen van hierdie sondes een na die ander vir die Here opgenoem – ons het dit bely. Nou kan ons vra: Vergewe ons ons skulde.

Kom luister saam wat vergewe beteken. Ons het verlede Sondag hierdie karakters in Jesus se gelykenis ontmoet. Daar is die koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke deur te gaan. Daar is toe 'n amptenaar na hom toe gebring, vertel Jesus, wat hierdie miljoene rand geskuld het. In die 1953-vertaling staan daar dat hy 10 000 talente geskuld het. In ons geldwaarde is dit nagenoeg R24 miljoen. En wat dit nog erger gemaak het is die feit dat daar nie 'n manier was dat hy die skuld kon betaal nie. Op die daad het die koning toe beveel dat die amptenaar en sy vrou en sy kinders en alles wat hy besit, verkoop en die skuld betaal moet word.

Toe die amptenaar hoor wat die straf vir die skuld is, het hy op sy knieë voor die koning neergeval en gesoebat. Hy het gesmeek: **Wees tog geduldig met my, en ek sal u alles betaal.** Ons weet egter

dat hierdie man nie die skuld kan betaal nie, want Jesus het dit self gesê. Die koning het ook geweet dat hierdie amptenaar niks sal kan betaal nie. Logies was daar maar net een pad vir hierdie skuldige amptenaar – hy moes die straf dra.

En nou bring Jesus 'n wending in hierdie verhaal – 'n wending teen alle verwagtinge in. Die koning doen tog iets aan die man gesmeek; hy doen iets heeltemal vreemds. **Die koning het** die amptenaar uit sy hart uit **jammer gekry en al sy skuld kwytgeskeld**. Wat 'n verrassing moes dit vir die amptenaar gewees het! Hy het nie nodig gehad om een sent van al die miljoene rand se skuld te betaal nie. Die koning het al daardie baie skuld net so afgeskryf asof dit nie bestaan het nie.

Geliefde gemeente, hierdie selfde vreemde situasie speel hom af tussen ons en God. Wanneer ek en jy van harte berou het oor ons sonde en ons soebat die Here: Vader, vergewe ons ons skulde, gebeur presies dit wat met hierdie skuldige amptenaar gebeur het. Alhoewel ons skulde ontsaglik groot is en daar nie 'n manier is waarop onself dit kan betaal nie, sê die Here tog vir ons: Ek vergewe jou, en Ek sal nooit weer aan daardie skuld dink nie.

Geliefdes, wanneer ons dit hoor, klink dit so asof die Here sommer maar ons sondes oorsien, maak asof dit nie bestaan nie. Maar dit is nie wat vergewe beteken nie. Vergewe is nie sommer net afskryf nie. Vergewe veronderstel dat daar tog 'n betaling gemaak is. Christus Jesus het die betaling gemaak.

Ons sondes het 'n al groter wordende kloof tussen die Here en ons veroorsaak. Jesus het gekom om langs ons en in ons plek aan hierdie kant van die groot kloof te kom staan. En toe Hy hier by ons kom staan het, het God al ons sondes en misdade op Christus gelaai. Hy wat onskuldig is, het in ons plek 'n skuldige geword en God het Hom as 'n sondaar behandel. God het sy eie Seun vir ons sondes gestraf. Jesus het die smart van die dood en die hel in ons plek deurgegaan. Hy het ons skulde, wat onself nie kon betaal nie, by God betaal. Hy het vir al ons skulde ten volle betaal.

Broer, suster en kind, omdat Jesus al jou en my skuld ten volle betaal het, mag ons vra: Vader, vergewe ons ons skulde. Omdat Jesus die prys betaal het, kan God ons ons skulde vergewe. Christus het dit wat ons van God geskei het, weggeneem. Met sy liggaam en bloed het Hy die brug gebou oor die groot kloof en Hy bring ons weer by God. Ons kry regtig vergewing van ons sondes deurdat ons met ons hele hart en siel en verstand glo dat Christus vir al ons sondes ten volle betaal het.

Ons kom dus agter dat ons gebed om vergifnis van ons sondes, nie sommer iets is wat ons so vinnig-vinnig kan vra nie. As ons hoor watter geweldige groot prys dit die Here gekos het om ons sondes te vergewe, kom ons ook agter dat hierdie gebed beslis nie 'n goedkoop manier is om uit die skuld te kom by die Here nie. Jesus Christus se lewe het betaal vir jou en my sondes, en alleen omdat hierdie duur prys betaal is, kan God ons vergewe en mag ons vra dat Hy ons vergewe. Jesus Christus se betaling aan die kruis is jou en my kwitansie dat ons skuld ten volle betaal is.

Met hierdie gebed om vergewing van ons sondes bring die Heilige Gees ons by Golgota waar ons Jesus hoor uitroep: **Dit is volbring!** In Grieks is dit net een woord wat Jesus gesê het: *tetelesthai* (dit is volbring). Hierdie selfde woord is geskryf op die kwitansies as die skuld ten volle betaal is. Ons het skulde gehad, en God het dit met sy Seun betaal. Dit is beslis nie goedkoop genade nie. En ons vra dit ook in ons gebed: Vader, behandel ons nie soos wat ons verdien nie, maar vergewe ons ons skulde ter wille van die bloed van Christus.

Geliefdes, vanoggend gaan die Here nog 'n tree verder met ons. Hy laat ons nie net hoor dat Hy die kwitansie vir ons skulde ontvang het nie. Hy laat ons ook die kwitansie sien. Wanneer ek en jy vanoggend sien dat die brood gebreek word, verseker die Heilige Gees ons dat Jesus se liggaam vir ons sondes stukkend gebreek is. En wanneer ons die wyn sien, verseker die Heilige Gees ons dat Jesus se bloed gestort is om vir ons sondes te betaal. Die nagmaal is die afskrif van die kwitansie

wat Jesus vir jou en my gekry toe Hy al ons skulde ten volle betaal het. Die Heilige Gees gee ons die vermoë vanoggend om hierdie kwitansie te kan lees. En as jy en ek mooi kyk, sien ons ons eie name op daardie kwitansie geskryf.

Wanneer ons dan bid: Vergewe ons ons skulde, vra ons: Vader, laat ons sondes en misdade nie meer 'n kloof tussen U en ons wees nie. Sien tog die brug raak wat Christus tussen U en ons gebou het en help ons deur u Gees om oor hierdie brug terug te kom by U. Hou ons so styf vas dat ons seker kan wees dat U regtig al ons sondes vergewe het en nooit meer daaraan dink nie.

**Amen!**

Psalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;  
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.  
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.  
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 68:2, 9 (p. 331)

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;  
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneeding hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.  
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!  
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!
- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.  
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?  
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.  
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewee.

Aan tafel: Psalm 84 (p. 424)

Met die terugbeweeg: Psalm 146 (p. 700)

Slotgebed

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang  
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods  
verborgenhede.  
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeer ons, rein gewas, 'n priestervolk geword  
het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
19 Februarie 2012